

Wat 'n liefde

Oorspronklike titel: Wat een liefde

Teks en Musiek: Marcel Zimmer

Afrikaanse vertaling: 2006 Faani Engelbrecht

© 2004 Celmar Music

By U is ek tuis, by U is ek veilig.
In U is my huis, in U is ek heilig, in U.
By U vind ek troos, by U kan ek huil,
in U vind ek rus, in U kan ek skuil, in U.

U neem my in U arms
en droog my trane af.

*Wat 'n liefde, wat 'n liefde, wat 'n liefde.
Wat 'n liefde, wat 'n liefde, wat 'n liefde.*

By U is dit goed, U gee my U seën.
In U is my hoop, in U is my weë, in U.
U het Uself vir my gegee.
In U kan ek wees, in U kan ek lewe, in U.

Ek hoef niks weg te steek nie
want U wys my nooit weg nie.

Wat 'n liefde ...

En dat ek steeds terug mag kom,
selfs al het ek ver afgedwaal,
en U my altyd wil vergewe,
al het ek ook gefaal.

*Dit is liefde, dit is liefde, dit is liefde
Dit is liefde, dit is liefde, dit is liefde.*

Jesus!

*U is liefde, U is liefde, U is liefde!
U is liefde, U is liefde, U is liefde!*

By U is ek tuis, by U is ek veilig.